

Oliesade sal ná 2015 weer boepens staan

Graanboere sal tot einde 2015 moet vasbyt, want tot dan gaan pryse van oliesade hul dalende neiging voortsit. Daarna lyk sake egter rooskleuriger en word beter pryse vir die jare daarna verwag.

KORTOM

- Die sojaboonprys gaan in die volgende twee jaar bepaal word deur die wins wat met die pars van sojabone gemaak word.
- Dit sal veroorsaak dat soja teen premie bokant uitvoerpariteit verhandel.
- Waar Suid-Afrika die afgelope dekade byna 90% van sy oliekoek ingevoer het, behoort die land in die toekoms minder afhanklik van ingevoerde oliekoek te wees.

Die styging in die wêreldwye produksie van sojabone, veral in Brasilië waar sojaboonproduksie 'n rekordvlak bereik het, het vanjaar baie druk op die internasionale prys geplaas.

'n Verbetering in die Amerikaanse soja-opbrengste het verdere stukrag aan die dalende sentiment van die internasionale sojaboonmark verleen, sê die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) in sy jongste verslag oor sy toekomsverwagtinge vir die landbou in Suid-Afrika en Zambië.

Die sonneblomprys is ook onder druk

weens die oorspoel-effek van die dalende sojaboonprys, terwyl 'n geskatte verhoogde sonneblomproduksie in die Europese Unie, Rusland, die Oekraïne en Turkye tot die dalende sonneblompryse sal bydra.

SUID-AFRIKA


Plaaslike somergraanboere het hul sonnebloomaanplantings van 453 000 ha in 2012 tot 504 000 ha in 2013 verhoog, terwyl sojaboonaanplantings van 472 000 ha tot 529 000 ha gestyg het (GRAFIEK 1). Weens laer opbrengste sal die gemiddelde reële bruto inkomste per hektaar van sonneblomme vanjaar laer wees, ondanks die hoër pryse.

Sojabone se gemiddelde reële bruto inkomste per hektaar sal na verwagting styg, danksy beter opbrengste en pryse. Die goeie wins op sojabone sal boere ook aanspoor om hul aanplantings volgende jaar verder uit te brei. (GRAFIEK 2 & 3)


Weens die droogte in die westelike dele van die somersaai gebied tydens die afgelope somer gaan boere waarskynlik ook hul sonneblomaanplantings verhoog omdat hierdie gewas oor verdraagsaamheid teenoor droogte beskik, al verdien dit 'n laer bruto inkomste. (GRAFIEK 4)

Drastiese strukturele veranderings vind volgens die verslag tans in die Suid-Afrikaanse


GRAFIEK 1: OLIESADE: OPPERVLAKTE GEËES




GRAFIEK 3: SOJABONE



GRAFIEK 2: BRUTO INKOMSTE UIT OLIESADE



GRAFIEK 4: SONNEBLOMME



oliesademark plaas. Die oppervlakte onder sojabone neem vinnig toe en verskeie nuwe pargaanlegte word gebou. "Die ekonomie van wins met die pars van sojabone maak sin omdat sojabone nader aan uitvoerpariteit met sojaboonkoek verhandel, terwyl sojaboonolie teen invoerpariteitsvlakke verhandel," lui die verslag.

Suid-Afrika is 'n groot invoerder van albei produkte. Die sojaboonprys gaan vir die volgende twee jaar bepaal word deur wins met die pars van soja-olie, pleks van vraag en aanbod. Dit sal beteken dat sojaboonpryse teen 'n premie bokant uitvoerpariteit verhandel, dus teen 'n relatief hoër vlak in terme van die invoer-uitvoer-pariteitsband as die afgelope dekade.

In teenstelling met die verbruik van sojaboon-oliekoek wat die afgelope tien jaar verdriedubbel het, het die vraag na sonneblomkoek staties gebly en sal hierdie neiging na verwagting voortgesit word. Die verwagte vraag van 700 000 ton tot 800 000 ton sal waarskynlik deur stygende opbrengste voorsien kan word. Selfs met die verwagte kleiner daling in oppervlakte sal die plaaslike bedryf in die vraag kan voorsien, wat die moontlikheid van 'n prysstyging in die kiem smoor.

Die gunstige wins per hektaar wat danksy hoër opbrengste en 'n sterk prysneiging vir sojabone in die vooruitsig gestel word, sal verder

tot gevolg hê dat aanplantings op langer termyn styg. Teen 2022 behoort dit op 915 000 ha te staan te kom, wat 41% van die mielie-oppervlakte is. Aan die ander kant sal sonneblomme se gemiddelde reële bruto inkomste per hektaar na verwagting stagneer. Sowat 500 000 ha sonneblomme is nodig om in die plaaslike vraag te voorsien.

Die onlangse verswakking van die wisselkoers weeg swaarder as die uitwerking van die laer internasionale oliesaadpryse op plaaslike produkte. Sonneblomme, sojabone en kanola se pryse sal vanjaar hoër as verlede seisoen wees. Die geprojekteerde daling in internasionale pryse, tesame met 'n effense versterking van die rand, sal plaaslike pryse volgende jaar laat daal. (SIEN GRAFIEKE 5, 6


EN 7). Op die langer duur sal oliesaadpryse egter versterk as die wisselkoers verswak en internasionale pryse marginaal toeneem. Sojaboonproduksie gaan na verwagting oor die basislyntydperk sterk toeneem danksy meer beplante hektare én beter opbrengste. Produksie kan in 2022 op 2,1 miljoen ton te staan kom. Danksy die vinnige groei in perskapasiteit behoort die hele oes teen 2015 plaaslik verwerk te word. Vanweë die toenemende benutting van sojabone sal die plaaslike prys van uitvoerpariteit wegbeweeg en teen 'n premie verhandel.




Suid-Afrika sal moontlik vanjaar 'n tekort aan sonneblomme ervaar ondanks verhoogde aanplantings.

Die skerp daling in die produksie van sonneblomme in 2012 het die eindvoorrade uitgeput. Die plaaslike mark kan weens die droogte in die westelike produksiegebiede vanjaar weer 'n tekort ervaar, ondanks groter aanplantings. Onder die huidige prysvlakke is die perswinste in die rooi en is dit onwaarskynlik dat Suid-Afrika sonneblomsaad hoef in te voer. Op die lange duur sal produksie teen 800 000 ton van 500 000 ha af stabiliseer met die gemiddelde opbrengs op 1,6 ton/ha. ►


GRAFIEK 5: KANOLA



GRAFIEK 7: SONNEBLOMKOEK



GRAFIEK 6: SOJABOONKOEK



BASISLYN

BFAP NEEM LANDBOU IN OËNSKOU

Die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) bestaan uit ontleders en deskundiges in die openbare en private sektore wat hul kennis en navorsing saamvoeg om 'n gekoördineerde navorsingstelsel te skep ten einde beleidmakers in die voedselproduksie- en

verwerkingsbedryf ingelig te hou. Die basislyn is nie 'n voorspelling nie, maar 'n beginpunt van wat volgens 'n stel aannames vorentoe in die landbou kan gebeur.

Die bestuurskomitee bestaan uit die direkteur, dr. Ferdi Meyer, prof. Johann Kirsten (albei van die Universiteit van Pretoria), prof. Nick Vink (Universiteit Stellenbosch) en mnr. Bongiswa Matoti (Wes-Kaapse departement van landbou).

Hoewel kanola-aanplantings baie kleiner as sojabone en sonneblomme is, het dit die afgelope jare ook sterk vooruitgang gemaak.

FOTO: GENIS AMELIA

Die volgehoue groei in sojaboonproduksie en perskapasiteit sal Suid-Afrika minder afhanklik maak van ingevoerde oliekoek vir dierevoeding.

◀ Kanola is die sleutel-oliesaadgewas in die winterreënstreek. Hoewel dit baie kleiner as sojabone en sonneblomme is, het dit die afgelope jare ook sterk vooruitgang gemaak. Die oppervlakte onder die gewas het in vyf jaar bykans verdubbel van 33 000 ha in 2007 tot 60 000 ha vanjaar.

PLAASVERVANGER

Kanola speel nou 'n bykans soortgelyke rol in wisselbou as sojabone. Die gewas het 'n sterk wortelstelsel wat grondverdigting in geenbewerking ophef en 'n nuttige plaasvervanger vir onkruid- en plaagdoders is.

Die oppervlakte onder die gewas sal teen 2022 tot 100 000 ha toeneem, die gemiddelde opbrengs kan 1,6 ton/ha beloop en die nasionale oes kan 160 000 ton bereik, dubbel die perskapasiteit in die Wes-Kaap.

Suid-Afrika gaan mettertyd minder afhanklik raak van ingevoerde oliekoek vir dierevoeding, aldus die BFAP. Sowat 78% van sojabone

se waarde bestaan uit oliekoek, vandaar die sterk ooreenkomst tussen die pryse vir sojabone en soja-oliekoek. Die wêreldprys het in 2012 'n rekordhoogte bereik van weë beperkte voorrade en die droogte in Amerika.

Groter voorsiening van Suid-Amerika en die vooruitsigte dat Amerika se oes vanjaar groter is, het 'n stadige daling in pryse teweeggebring. Die pryse van sojakoek is egter steeds bokant die historiese vlakke, maar dit kan volgende jaar daal as gevolg van beter voorsiening. 'n Voortgesette groei in die vraag na diereprodukte, na gelang van 'n stygende internasionale inkomste per kop en veranderende dieetvoorkeure, sal sojakoek se pryse op die langer termyn ondersteun (**GRAFIEK 6**) op bl. 29.

INGEVOERDE OLIEKOEK

Terwyl verskillende bronne van oliekoek in meeste dierevoeding gebruik kan word, na gelang van die beskikbaarheid en pryse, is sonneblomkoek se vraag en aanbod op die

internasionale voermark kleiner.

Suid-Afrika is die afgelope dekade genoodsaak om byna 90% oliekoek in te voer, maar die BFAP voorsien dat die volgehoue groei in sojaboonproduksie en perskapasiteit oor die basislyntydperk die land minder afhanklik sal maak. Tog sal pryse steeds deur internasionale pryse en die wisselkoers bepaal word, vandaar die geproekteerde daling in die prys van soja-oliekoek in 2014, waarna die prys op die basislyn opwaars sal neig.

MEDEDINGING

Sterk mededinging word in die volgende tien jaar tussen plaaslike en ingevoerde sojakoek verwag. Die gehalte en aard van die plaaslike produk moet homself eers bewys om vordering in die veemark te maak. Die prys van plaaslike sojakoek kan aanvanklik laer as die ingevoerde produk wees om veld te wen. Sonneblomkoek se verbruik gaan na verwagting na sy vorige vlak van 400 000 ton per jaar terugkeer, maar geen verdere groei in die vraag word verwag nie. Invoer sal vir die effense groei in vraag moet vergoed (**GRAFIEK 7**) op bl. 29. **LBW**

VERBRUIK

GROENTE-OLIE BLY STABIEL

Hoewel oliesaadpryse op kort termyn weens 'n groter aanbod gaan daal, behoort die prys van groente-olies relatief stabiel te bly, is die BFAP se verwagting.

Die voortdurende groei in die verbruik van groente-olie vir die vervaardiging van biodiesel sal na verwagting stukrag aan die internasionale pryse van groente-olies

verleen. Sonneblomolie word egter nie tans hiervoor gebruik nie en die internasionale prys vir sonneblomolie kan tot benede die soja-olieprys daal weens geproekteerde groter voorrade.


Suid-Afrika is 'n netto invoerder van groente-olie; gevolglik word die plaaslike prys grootliks deur internasionale pryse en die wisselkoers bepaal.

Die plaaslike verbruik van sonneblomolie kan na verwagting met 1,7% per jaar

toeneem en behoort teen 2022 sowat 439 000 ton te bereik (**GRAFIEK 8**).

Die verwagte vraag en aanbod van sojaboonolie toon 'n ooreenkomst met soja-oliekoek. Invoer sal na verwagting daal namate die plaaslike pers van sojabone toeneem. (**GRAFIEK 9**). Suid-Afrika sal na verwagting grootliks selfvoorsienend wees teen die tyd dat 300 000 ton soja-olie in 2022 gepers sal word en net 23 000 ton olie ingevoer sal hoef te word.

GRAFIEK 8: SONNEBLOMOLIE



GRAFIEK 9: SOJABOONOLIE

